# Hoofstuk 9
## Finale samevattende gevolgtrekkings

## 9.1 Inleiding

In hierdie studie is gesoek na 'n antwoord op die vraag of gemeentebou as instrument aangelê sou kon word by die toerus van lidmate, sodat hulle verandering en tye van verandering beter kan hanteer. Die soeklig het vir 'n antwoord op dié vraag veral op die kader van die Kerk in Suid-Afrika geval. Die studie het naamlik van die veronderstelling uitgegaan dat verandering 'n gegewe is of, soos die Griekse wysgeer Herakleitos (soos aangehaal deur Jordaan, 2007: 1) beweer het, dat daar net één saak is wat nie verander nie, en dit is dat álles verander! Daarby is groot gewag gemaak van Jack Welch (soos aangehaal deur Esterhuyse, 2009: 229) se stelling dat, indien die pas van verandering binne 'n organisasie stadiger is as dié van verandering daarbuite, die einde reeds vir daardie organisasie in sig is – 'n waarskuwing waaraan die Kerk gerus gehoor kan gee!

Hierdie slothoofstuk sal gewy word aan 'n finale samevatting van die bevindinge waartoe daar in hierdie studie geraak is en wat aanleiding gegee het tot die formulering van 'n program of model vir verandering (hoofstuk 8) wat kan meehelp om die proses van verandering glad te laat verloop en lidmate toe te rus om veranderinge makliker te hanteer.
**Nota:** Waar na verandering in die finale samevatting verwys word, word daarmee ekstrinsieke verandering bedoel. As iets anders daarmee bedoel word, sal dit duidelik uitgelig word.

## 9.2 Finale samevatting

Basisteoreties gesproke, is daar in die eerste drie hoofstukke op verskillende maniere vanuit die Teologie na verandering gekyk ten einde vas te stel watter lig die Bybel op dié realiteit van ons menslike bestaan werp. Daar is in hoofstuk 2 met 'n eksegetiese studie afgeskop, ingevolge waarvan daar op Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23 gefokus is en waar die kwessie van die verandering en vernuwing van denke te berde gebring word. In hierdie hoofstuk is daar duidelik aangetoon dat verandering, of dan *μεταμορφουσθε*, 'n integrerende

deel van elke gelowige se lewe moet uitmaak, en dat dié transformasie elke dag biddend afgesmeek moet word. Voorts is bevind dat laasgenoemde transformasie lewenslank duur, sodat gelowiges algaande meer en meer aan God se beeld gelyk kan word. Hier handel dit oor intrinsieke verandering wat in die persoonlik ekstrinsieke verandering neerslag behoort te vind en moet meewerk oor hoe ekstrinsieke verandering hanteer sal word. Daar is ook aangetoon dat dié transformasie slegs danksy die inwerking van die Heilige Gees kan plaasvind, maar dat elke mens (lees: "lidmaat") hom/haar tóg daarvoor moet oopstel. In soverre dit die vernuwing van die mens se denke aangaan (deel van intrinsieke verandering –PF), is bevind dat dit nie maar net nog 'n opsie is van iets om met jou lewe te doen nie, maar dat dit 'n opdrag is wat in absolute gehoorsaamheid aan God uitgevoer behoort te word. Hiermee word dan reeds 'n paar beweegredes blootgelê waarom die mens immer na vernuwing en transformasie behoort te streef.

Verandering (intrinsiek sowel as ekstrinsiek –PF) soos in die Bybel vereis, is 'n onlosmaaklike uitkoms van die gelowige se dankbaarheidslewe, en dit is dan ook nie toevallig nie dat die teksverse wat vir die doel van hierdie studie ondersoek is, midde-in gedeeltes voorkom van dié Briewe wat juis die hoorder/leser tot dankbaarheid wil oproep vir dít wat God deur Christus vir Sy Kerk gedoen het en steeds doen.

Hierdie *μεταμορφουσθε*, en die vernuwing van die denke moet veral meewerk sodat die eenheid wat in die Kerk van Jesus behoort te lewe, uitgebou en versterk kan word (hoofstuk 3). Hierdie opdrag het veral vir die gemeentes in Rome en Efese (of dan die gemeentes in Klein-Asië) groot betekenis gehad, aangesien dié gemeentes elk uit hoofsaaklik twee groepe saamgestel was, naamlik Christene uit die Jodedom afkomstig en Christene uit die heidendom afkomstig – mense wat uiteraard voorheen geswore vyande van mekaar was. Die vernuwing wat hier ter sprake is, sou dan veral verg dat daar finaal met die ou, sondige mens en sy/haar wraakgedagtes gebreek

word, sodat die núwe mens wat danksy die verlossing van Jesus gebore is, met núwe denk- en gedragspatrone na vore kon tree.

Vervolgens is daar in 'n Openbaringshistoriese oorsig op enkele Bybelse figure gefokus wat almal aan ingrypende veranderingsprosesse onderwerp was, sodat hul reaksie op dié veranderings, asook die impak daarvan op hul lewens en hul gemeenskappe, vir die Kerk van vandag teen die lig gehou kan word (3.5 van hoofstuk 3).

Dit sou dan ook gou uit hierdie ondersoek blyk dat hoewel die onderskeie Bybelse figure uiters uiteenlopend op hul verskillende stelle gegewens gereageer het, God nogtans sonder aansien des persoons aan elkeen presies dieselfde eise gestel het, naamlik om Hom absoluut gehoorsaam te wees, om Hom in alles te vertrou en om hulself oop te stel en bereid te verklaar om voortaan ánders te dink en núút na die wêreld en die mense óm hulle te kyk. Hierdie selfde hoë eise is ook gestel aan dié geroepenes wat met groot onsekerheid en selfs opstand in hul harte geworstel het, waarvan Jona waarskynlik die voorste eksponent is. Ironies genoeg is dit aan hierdie opstandigsté man, iemand wat God se geduld ten seerste beproef het, wat die grootste dosis liefde, geduld en reddende genade uitgemeet word.

Hoewel Jona deur al die eeue heen as die prototipe gesien kan word van hoe 'n mens liefs nié op verandering moet reageer nie, sou Jesus weer as die grootste agent vir verandering van alle tye "ontmasker" word; Iemand wat met elke woord en elke daad net één doel voor oë gehad het, en dit was om die ou, uitgediende orde omver te werp en mense se harte (lees: "denke") te verander. Jesus se toerusting van sy dissipels verteenwoordig daarbenewens die beliggaming, die toonbeeld, die bloudruk, die "templaat" en die handleiding waarop die toerusting van lidmate ten opsigte van Kerklike en alle ander veranderinge geskoei behoort te word.

Hoofstuk 3 is ook gewy aan 'n nader beskouing van wat weerstand teen verandering alles behels, asook die impak daarvan nie alleen op individue nie, maar ook in groepsverband (lees: "in 'n gemeente"). Hierdie ondersoek bring dan ook gou aan die lig hoedat God elke

mens in Sy alwysheid op 'n unieke wyse toerus vir en voorberei op die veranderinge wat hy/sy moet deurstaan – rééds geborge in dié wete dat God hom/haar nooit bó sy/haar kragte sal versoek nie.

In hoofstuk 4 is 'n oeuvre teologiese werke in voëlvlug beskou ten einde vas te stel hoe teoloë die kwessie van verandering benader. Gemelde kort, algemene oorsig het die volgende omtrent die veranderingsproses blootgelê, soos uit dié invalshoek beskou:

- Verandering op Kerklike terrein moet slegs met die gepaste omsigtigheid aangepak word.
- Verandering op Kerklike terrein moet altyd Bybels begrond wees.
- Die noodsaak vir verandering moet duidelik aan lidmate oorgedra word.
- Weerstand teen verandering is te verwagte, en moet reg benader word in dié sin dat lidmate wat weerstand ervaar, met deernis en geduld hanteer moet word en dat hulle só vir die voorgenome verandering toegerus moet word dat hul weerstand uiteindelik verkrummel.
- Programme wat ten opsigte van verandering op Kerklike terrein aangelê kan word, is ondersoek, en dien as basis vir die program of model wat in die onderhawige studie aangebied word.

Só is aangetoon dat die Kerk wel voortdurend moet verander, maar dan altyd in 'n poging om 'n immer beter diens in die Koninkryk van God te lewer, en dat die toetssteen vir sodanige veranderinge altyd moet wees dat dit uiteindelik groter waarde tot die breë gemeenskap toevoeg, waar dit sout en lig moet wees.

In hoofstuk 5 is die bevindinge uit die basisteorie in grondbeginsels saamgevat, welke beginsels op hul beurt die kern vorm vir die program of model wat gebruik kan word om lidmate vir verandering toe te rus. Die grondbeginsels wat aldus neergelê is, is soos volg:

- Verandering (veral intrinsieke verandering, wat tog wel duidelik en sigbaar word in ekstrinsieke verandering), soos dit Bybels in bestudeerde teksgedeeltes manifesteer, dui op 'n volledige metamorfose wat ondergaan moet word. Dit is egter 'n proses wat

slegs onder leiding van die Heilige Gees kan plaasvind, en is iets wat in die lewe van die Kerk en sy lidmate voorrang moet geniet. Danksy dié lewenslange veranderingsproses moet lidmate dan algaande meer en meer aan die beeld van God gelyk word.

- Die belangrikste uitkoms wat met bogemelde metamorfose nagestreef moet word, is die vernuwing van lidmate se denke. Dit behels onder meer dat daar van die ou, sondige manier van dink afgesien sal word, in ruil vir 'n gedagtewêreld wat by verlostes pas.
- Enige verandering wat lidmate van die Kerk van Jesus Christus in die vooruitsig stel, moet egter eers aan die Bybel getoets word. Ook hierdie proses verg algehele vertroue in, absolute gehoorsaamheid aan en volle oorgegewenheid tot Sy Wil. Kerklike verandering gaan dus nie om menslike voorkeur nie, maar om biddend en soekend aan God se Wil vir Sy Kerk gehoor te gee.
- Die rede(s) waarom 'n bepaalde verandering geag word noodsaaklik te wees, moet in werklikheid reeds aan lidmate gekommunikeer word lank vóór die proses daadwerklik in werking gestel word.
- Weerstand teen verandering sal, volgens die studie, noodwendig onder sommige lidmate ontstaan, hetsy in mindere of meerdere mate. Dit mag egter in geen stadium 'n struikelblok vir noodsaaklike verandering raak nie. Wanneer God vernuwing onder Sy kinders en in Sy Kerk gebied, deug niks buiten absolute gehoorsaamheid nie.
- Aangesien 'n hartsverandering slegs deur die Heilige Gees geïnspireer kan word, sal geen mate van druk op lidmate hond haar-af maak nie. Om dié rede moet daar 'n pad van toerusting, van groot deernis en van diepe ootmoed met elke weerstandige lidmaat gestap word.
- Wanneer lidmate rondom Kerklike verandering toegerus word, moet dit vir elkeen duidelik wees dat die verandering ten doel het dat die lidmate en die Kerk die Bybelse opdrag en roeping meer doelgerig tot eer van God en ter uitbreiding van Sy Koninkryk op

aarde sal uitleef. Op dié manier moet elke verandering meehelp dat die Kerk in die wêreld diens doen, en nie vir die wêreld vreemd word nie.

- Tydens die proses van verandering en die daarstel van nuwe, Bybel-begronde beginsels, moet daar met die grootste ontsag jeens en begrip vir gevestigde tradisies omgegaan word. In die proses van toerus rondom verandering mag ou, uitgediende tradisies daarom nie bloot oorboord gegooi word nie, maar moet hulle, waar moontlik, van nuuts af met Bybelse inhoud ingeklee word.

Die metateorie kom in hoofstuk 6 aan die orde, ingevolge waarvan die vakgebied Mensbestuur gekies is om te bepaal hoe verandering in die sekulêre wêreld beskou en hanteer word. Opvallend hier is die feit dat die volgende ooreenkomste tussen die basis- en metateorie blootgelê is ten opsigte van die wyse waarop verandering benader word:

- Verandering moet onder leiding van deurdagte leierskap plaasvind, en leiers moet sélf bereid en gereed wees om te verander.
- Doeltreffende kommunikasie moet ingespan word om vóór, tydens én ná die veranderingsproses aan alle betrokkenes deur te gee presies wannéér, wáárom, wát en hóé verander gaan word of reeds is.
- Die noodsaak tot verandering is ingevolge sowel die basis- as die metateorie aangedui, en daar is vir albei dissiplines bevind dat organisasies hul rol in en waarde vir die breër gemeenskap sou verloor indien hulle nie daarin sou slaag om voortdurend te bly verander nie.
- Hierbenewens is daar vir albei dissiplines aangedui dat voorbereiding op verandering van kardinale belang is, en dat al die rolspelers by die verandering breedvoerig oor die proses ingelig en daarvan op die hoogte gehou moet word.
- Verandering moet deeglik bestuur word, sodat daar nie in beuselagtige bysake verval word nie, maar op die gesette doelwitte gefokus kan word. Hierdie bestuursfunksie voorkom dat verandering, wat reeds gekompliseerd is, nie verder gekompliseer raak nie.

- Hoewel weerstand teen verandering in albei dissiplines aangedui is, moet dit beklemtoon word dat weerstand teen verandering nie die noodsaak tot verandering mag kelder nie.

'n Empiriese studie is hierna aan die hand van 'n gestruktureerde vraelys in die Gereformeerde Kerk Ontdekkers onderneem, waarin die basiese grondbeginsels – soos vanuit die bevindinge oor die basis- en metateorie geformuleer – getoets is om vas te stel hoe lidmate oor verandering dink en voel. Die bevindinge van hierdie empiriese studie is in hoofstuk 7 weergegee. Dit het kortliks daaruit geblyk dat toerusting tot verandering wél nodig is en dít dan sodat lidmate sal verstaan wanneer, waarom, waartoe en hoe daar verander gaan word. Dit het ook duidelik aan die lig gekom dat lidmate uiters uiteenlopende reaksies op verandering het, en dat hulle derhalwe op verskillende maniere vir verandering toegerus sal moet word.

'n Sewetal aspekte is tydens die empiriese studie ondersoek, naamlik die **impak** van verandering, **weerstand** teen verandering, **toerusting** tot verandering, **Bybelse begronding** vir verandering en **omsigtigheid** by verandering (met onsekerheid en onrus as neweprodukte), **noodsaak** tot verandering en, laastens, wat die reaksie sou wees indien enige vorm van **dwang** in dié verband toegepas sou word. Gemelde aspekte is dan ook ingebou in die program of model wat in die studie voorgehou word om lidmate vir verandering toe te rus.

As 'n finale bevinding kan daar met 'n hoë mate van sekerheid gekonstateer word dat die vraag, naamlik of gemeentebou (soos dié begrip in die studie omskryf is) as instrument aangelê sou kon word om lidmate vir verandering toe te rus, bevestigend beantwoord kan word. 'n Mens sou jou ook kon verstout deur onomwonde te stel dat 'n formele program om lidmate toe te rus, vir elke gemeente onontbeerlik is, soos dit uit gemelde empiriese studie sou blyk. Die program of model wat ter voorbereiding van gemeentelede op die veranderingsproses in hoofstuk 8 voorgehou word, is dan ook in reaksie op hierdie behoefte geformuleer.

Dit laat die Kerk en sy leiers met die volgende vraag: Is die Kerk en/of sy gemeentes gereed vir dié verandering(s) wat in hierdie epog nodig is om Kerk, Lig en Sout vir die aarde te wees? Hierdie vraag, in die Suid-Afrikaanse konteks van ná 1994 gesien, handel daaroor of kerke alhier bereid en gereed is om nie maar alleen voort te bestaan nie, maar waarlik tot eer van God en Christus en ter uitbreiding van Sy Koninkryk op aarde sinvol tot die breë samelewing waarde toe te voeg. Anders gestel, kan gevra word of die Kerk steeds relevant is vir en in die wêreld, soos dit Bybels hoort, en of die Kerk nie reeds wêreldvreemd geword het nie.

'n Verdere vraag wat logies hieruit voortvloei, is of Kerkleiers – wat die leiding by lidmate se toerus tot verandering moet neem – sélf bereid, gereed en in staat is om die voorgenome veranderinge Bybels te bestuur. En dit laat weer die laaste vraag ontstaan, naamlik of daar, tydens Kerkleiers se Teologiese opleiding, doelgerigte onderrig ingebou moet word ten einde hulle daarop voor te berei om nie alleen hul lidmate hierin by te staan nie, maar self ook by wyse van hul voorlewing altyd agente vir Bybelse verandering te wees.

Formele opleiding in die kuns om Bybelse verandering uit te leef, voor te leef en in lidmate te fasiliteer, sal Kerkleiers goed te pas kom, veral omdat daar altyd van hulle, soos van die spreekwoordelike "nuwe besem", verwag word om dinge in gemeentes reg te ruk, te verander en te vernuwe wanneer hulle op God se bevel na 'n bepaalde gemeente geroep word. Selfs indien daar bloot van hulle verwag word om op 'n vorige leier se werk voort te bou, verg dit groot aanpassings én die vermoë om te kan verander, aangesien daar dan noodwendig van die nuwe leier verwag sal word om by die vorige leier se werkwyse en/of langtermyn-beplanning aan en/of in te pas. Kerkleiers sou derhalwe sulke grondige kennis van en diepere insigte in die veranderingsproses tot groot vrug van hul gemeentes kon aanwend, selfs al sou dit bloot deug om hulle op die soms ontgogelende realiteit van sommige lidmate se bittere teëstand teen enige vorm van Kerklike verandering voor te berei.

## 9.3 Moontlike tekortkominge van die studie

Die empiriese deel van die onderhawige studie se navorsingsontwerp is in die vorm van 'n gevallestudie by 'n enkele gemeente onderneem en, hoewel die redes daarvoor deeglik begrond is, sou dit tóg vir die doeleindes van veralgemening beperkend kon wees. Verdere studies sou gevolglik op dieselfde terrein, oor dieselfde onderwerp en in dieselfde dampkring onderneem moes word ten einde enige moontlike leemte in dié verband aan te vul. Sodanige studies sou voorts nie alleen op plaaslike vlak nie, maar ook op streeks- en selfs nasionale vlak uitgevoer moes word. Selfs die moontlikheid van navorsing op internasionale vlak sou nie hiervan uitgesluit kon wees nie. Daar word nietemin ondanks hierdie moontlike tekortkoming gehoop dat die bevindinge waartoe daar in die onderhawige studie geraak is, wél 'n positiewe bydrae sal kan lewer om lidmate en Kerkleiers insgelyks toe te rus om verandering reg aan te pak, reg te bestuur en uiteindelik suksesvol deur te voer.

## 9.4 Terreine vir verdere studie

Tydens en ná voltooiing van hierdie studie is die volgende terreine vir verdere studie geïdentifiseer, welke studie(s) hopelik 'n beduidende wetenskaplike bydrae sou kon maak tot die Kerk se strewe om deur middel van gemeentebou ál beter en ál grondiger diens in die Koninkryk van God te lewer:

- 'n Studie om vas te stel waarom dit gebeur dat Christene ook weerstand teen verandering openbaar, ondanks die feit dat noodsaak daartoe vanuit die Skrif gemotiveer is en kan word. Hier kan Jona en die Jode wat in Jesus se tyd op aarde geleef het, se sterk weerstand om te verander, in herinnering geroep word.
- Meer en wyer empiriese studie(s) sal aangepak moet word om tendense rondom weerstand teen verandering uit te wys en om lidmate se toerusting ten opsigte van verandering meer doeltreffend te maak.
- 'n Breër studie sal onderneem moet word in 'n poging om te bepaal of, en indien wél, in welke mate lidmate se toerusting hul

vrees vir verandering kan stil, sodat gemeentebouprogramme uiteindelik beter kan vlot.

- 'n Pastorale studie moet onderneem word oor die impak van verandering op lidmate se lewe aan die hand van onder meer dít waardeur Josef (seun van Jakob) en Moses gegaan het, en tóg uiteindelik goeie leiers geword het. Dít teenoor deesdae se tendens om goedsmoeds te verklaar dat iemand se rebelsheid toegeskryf kan word aan wat in sy/haar jeug gebeur het.
- 'n Studie om die werkwyse van meerdere vergaderings só te verander dat dit veel meer doeltreffend kan funksioneer in die snel veranderende wêreld waarin die Kerk sout en lig moet wees.
- 'n Studie, wat Bybels gefundeerd is, waarin die noodsaak van verandering van Kerk-wees in die wêreld ondersoek word om te voorkom dat die Kerk sy relevansie en/of sy waardetoevoeging in die wêreld kan verloor.
- Huisbesoek as noodsaaklike medium vir toerusting van lidmate aan die hand van Handelinge 20:20, in 'n tyd waarin huisbesoek ál meer afgeskaal en bevraagteken word.
- 'n Studie wat onderneem word onder persone wat die Kerk verlaat het en nou op eie keuse kerklos en kerkloos lewe, om vas te stel in welke mate verandering (hetsy dit stadig of te vinnig gebeur het en hulle nie na behore toegerus was nie) daartoe aanleiding gegee het. Hierby sal die ondersoek ook gedoen kon word om vas te stel of dat feit dat daar dalk glad nie verander is nie, ook kon bydra dat lidmate die Kerk of 'n gemeente verlaat.

## 9.5 Ten slotte

Gemeentebou is 'n program wat in die Kerk en gemeentes van vandag ál meer aandag verg en behoort te geniet. Verandering is 'n realiteit wat die Kerk en gemeentes in die tydsgewrig waarin dit God se lig moet laat skyn, nie kan ignoreer nie. Veranderinge buite die Kerk dwing die Kerk om seker te maak hy raak nie agter en verloor daarom sy roepingskrag in die wêreld nie. In die kombinasie waar gemeentebou ingespan word om lidmate van die Kerk toe te rus om

verandering reg te hanteer en te bestuur, kan dit die eer van God en die sinvolle voortbestaan van die Kerk in die wêreld versterk en vestig.